

# GRENDEL- GEDAGTES

tema: **Geloof in die spervuur**

teks: **Daniël 3**

**Agtergrond:** Daar is 'n paar vrae oor wanneer die boek spesifiek ontstaan het en daar word gereken dat dit dalk in 586 v.C. ontstaan het en eers later afgesluit is deur 'n redaktor in ongeveer 165 v.C. in die tyd van die Seleukiede koning Ahasveros IV Epifanes wat oor Juda regeer het. Hierdie koning het letterlik mal geraak aan die einde van sy regeringstyd, en in die tyd word die Jode voor die voet doodgemaak en gemartel.

Die doel van die boek is om die Joode, wat weggevoer is in ballingskap, gegrendel is in 'n vreemde land, moed en troos te gee.

Die boek word in twee hoofdele verdeel en elke deel het sy eie doel:

- Daniël 1-6: Verhale
- Daniël 7-12: Visioene
- Hoofstukke 1-6 is verhale van hoe God vir sy mense sorg terwyl hulle gegrendel is vir 70 jaar in Babilonië en wat hulle deur die tyd gedra het. Verhale wat kom sê God is en bly in beheer van die geskiedenis.
- Hoofstukke 7-12 is dan die visioene van Daniel en hier vind ons 2 soorte

eskatologie – eskatologie beteken dit is literatuur wat spesifiek aandag gee aan die eindtyd. Ons kry in Daniël:

- “Profetiese eskatologie”, want dit is dinge wat hy voorspel het wat, in die huidige geskiedenis, reeds waar geword het.
- En ons kry ook “apokaliptiese eskatologie” wat verwys na dinge wat nog in die toekoms moet gebeur.
- Verder is Daniël ook die enigste plek in die hele OT waar die woord “ewige lewe” voorkom (vgl. Daniel 12:2).

Daniel kom doen dus 2 dinge:

1. Moenie moed verloor nie. Daar kom beter en mooier.
2. En onthou – God sorg ook vandag.

**Voëls:** Het jy al ooit gewonder hoekom voëls dit regkry om op die dunste stokkie of draad te sit en slaap. Hoekom val hulle nie af nie? Hulle pote is ontwerp dat as hulle op die tak gaan sit en hulle knieë knak dan trek hulle “Achilles-tendon” outomaties hulle pote toe om die tak of draad.

Dit werk met ons ook so: wanneer ons bid trek ons harte vir God nader. En as

mens gereeld bid dan val jy nie sommer nie.

In ons storie vandag van Daniel en sy drie vriende sien ons ook hoe gereeld hulle gebid het en daarom kon hulle toe dit baie moeilik was steeds aan die Here vashou.

### **[Lees die hele verhaal in Daniël 3.]**

Van die mooiste tekste in die hele Bybel vind ons in Daniël 3:17-18: "Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. 18. Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."

Die vriende kniel nie voor die beeld nie en die uiteinde is dat hulle in die brandende oond gegooi word en dan gebeur die wonderwerk: Nebukadnesar kan sy oë nie glo nie (24-25) want hy was seker hulle het net 3 ouens in die oond gegooi maar nou loop daar 4 mense rond. Dit is hoe God werk:

- |  |
|--|
| <ul style="list-style-type: none"><li>➤ Hy verlos ons nie altyd uit die vuur uit nie</li><li>➤ maar Hy sorg vir ons in die vuur.</li></ul> |
|--|

Die verhaal eindig dus waar 'n groot koning, met 'n baie warm vuur, en groot sterk lyfwagte, uitgebeeld word as baie klein mannetjies wanneer hulle voor die ware God gaan staan.

Wat hoor ons vandag uit die verhaal vir die tyd waarin ons vandag leef? Ek wil dit waag om 3 opmerkings te maak:

1. Hierdie manne se geloofspiere is so geoefen dat hulle aan God vasklou. Hulle identiteit lê nie in hulleself nie, maar in die God wat hulle aanbid.
2. Hulle liefde vir God hang nie van die omstandighede af – selfs al sal Hy ons nie red sal ons hom bly aanbid.
3. En laastens hoor ek dat hulle keuse en optrede die wêreld om hulle verander. Selfs 'n heidense koning moet erken dat daar nie 'n God soos Jahwe is nie.



### **Kleingroepe of gesinsgesprek:**

- Lees Daniel 3 rustig deur en deel met mekaar wat julle uit die verhaal aanspreek en ook waarom julle wonder.
- Lees nou Daniel 3:17-18 en deel met mekaar wat julle in die teks hoor.
- Gesels saam oor die stelling: Soms red God ons uit die vuur en soms nie, maar Hy is altyd by ons in die vuur.
- Bid saam vir mekaar se pyn en swaarkry en dat ons altyd sal weet dat God ons nooit alleen sal los nie.